

**REMINDER: NOTICE TO MEMBERS OF SU CONVOCATION
ELECTION OF ONE (1) COUNCIL MEMBER FOR THE TERM 11 SEPT 2023 TO 10 SEPT 2027**

On 18 July 2023 members of Convocation of Stellenbosch University (SU) were invited to submit nominations for the election of one (1) member of Convocation in the above vacancy. We received seven (7) valid nominations for the vacancy. We remind members to cast their vote in this election.

Please note that your SU student number can be found in the subject line of the e-mail notification send to you from konvokasie@sun.ac.za.

If you are aware of a member of Convocation who has not received this email, please request them to send an e-mail to konvokasie@sun.ac.za in order to receive their personalised invitation and to confirm their details.

Voting takes place on an online platform. The voting platform opened on Monday, 28 August 2023 at 08:00. Please [click here](#) to access the voting platform.

For your convenience, the particulars about the elections are repeated below.

ELECTION RULES

1. Voting will take place on an online platform only.
2. Members have ten (10) calendar days to cast their vote digitally. The voting platform has been active since Monday, 28 August 2023 at 08:00 and will close on Thursday, 7 September 2023 at 23:59.
3. Members will be allowed to vote only once, and once the vote is submitted it is final.
4. Members can vote online for one (1) candidate, as there is one (1) vacancy only.
5. Nobody may vote on behalf of another member.
6. By voting online the member assumes responsibility for compliance with the election rules and the [Procedure to nominate, elect and appoint Convocation Members to serve on the Council and Institutional Forum](#).

Transgression of the rules amounts to fraud. The Internal Audit function may investigate all cases where fraud is suspected.

We placed some additional cyber security on the voting platform. We noted that members using Internet Explorer are unable to access the voting platform. This is mainly due to the fact that Microsoft no longer fully supports Internet Explorer. We request that you use an alternative browser when accessing the voting platform. If you are experiencing any other difficulties with navigating the voting platform, please reach out to elections@sun.ac.za.

It was optional for nominees to provide a CV or short bio. SU did not provide any template, prescriptions or guidelines on the format for this additional information. All nominees opted to share more information to enable members to know them better. Please note that no editing or translations of any vision statement, CV or bio were done by SU. The wording was placed as we received it.

The vision statements of the nominees are available on the SU website. Please [click here](#) to view them.

Dr Ronel Retief
REGISTRAR
Stellenbosch University
1 September 2023 (original notice dates 25 August 2023)

HERINNERING: KENNISGEWING AAN LEDE VAN DIE US KONVOKASIE VERKIESING VAN EEN (1) RAADSLID VIR DIE TERMYN 11 SEPT 2023 TOT 10 SEPT 2027

Lede van die Konvokasie van die Universiteit Stellenbosch (US) is op 18 Julie 2023 uitgenooi om nominasies in te dien vir die verkiesing van een (1) Konvokasielid in die bostaande vakature. Ons het sewe (7) geldige nominasies ontvang vir die vakature. Ons herinner lede om hul stem uit te bring.

Let asbn daarop dat U studentenommer in die onderwerpreël is van die e-pos kennisgewing wat u ontvang het van konvokasie@sun.ac.za.

Indien u bewus is van 'n lid van die Konvokasie wat dalk nie hierdie e-pos ontvang het nie, versoek asseblief dat hulle 'n e-pos na konvokasie@sun.ac.za stuur om hul persoonlike uitnodiging te ontvang.

Die stemming vind op 'n aanlyn platform plaas. Die stemportaal is oopgestel om 08:00 op Maandag, 28 Augustus 2023 en sal tot Donderdag, 7 September 2023 om 23:59 oop bly. U kan [hier klik](#) om toegang tot die stemplatform te verkry. Vir u gerief word die besonderhede rakende die verkiesing hieronder herhaal.

VERKIESINGSREËLS

1. Stemming vind slegs op 'n aanlyn platform plaas.
2. Lede het tien (10) kalenderdae om hul stem digitaal uit te bring. Die stemportaal is oop sedert 08:00 op Maandag, 28 Augustus 2023 en sluit op Donderdag, 7 September 2023 om 23:59.
3. Lede mag slegs een maal stem en sodra die stem uitgebring is, is dit finaal.
4. Lede kan slegs vir een (1) kandidaat aanlyn stem, aangesien daar slegs een (1) vakature is.
5. Niemand mag namens 'n ander lid stem nie.
6. Deur aanlyn te stem, neem die lid die verantwoordelikheid vir die nakoming van die verkiesingreëls en die [Prosedure om Konvokasielede te nomineer, te verkies en aan te wys om in die Raad en die Institusionele Forum te dien](#).

Oortreding van die reëls kom op bedrog neer. Die Interne Oudit-funksie kan alle sake waar bedrog vermoed word, ondersoek.

Ons het addisionele kubersekuriteit op die stemportaal aangebring. Lede wat Internet Explorer gebruik, ondervind tans probleme om in te teken. Dit is grootliks weens die feit dat Microsoft nie meer Internet Explorer aktief ondersteun nie. Ons versoek dat u asb 'n alternatiewe websoek-enjin oorweeg. Indien u dit om enige ander rede moeilik vind om u stem uit te bring, reik gerus uit na verkiesings@sun.ac.za vir bystand.

Dit was opsioneel vir genomineerdes om 'n CV of kort biografie te verskaf. Die US het geen template, voorskrifte of riglyne verskaf vir die formaat van hierdie inligting nie. Alle genomineerdes het wel die opsie uitgeoefen om ekstra inligting te voorsien sodat u as lede hulle beter kan leer ken. Die US het geen redigering of vertaling van enige visiestelling, CV of biografie onderneem nie. Die bewoording word geplaas soos dit ontvang is.

Die visiestellings van die genomineerdes verskyn op die US se webblad. Klik asb [hier](#) om dit te besigtig.

Dr Ronel Retief
REGISTRATEUR
Universiteit Stellenbosch
1 September 2023 (oorspronklike kennisgewing dateer 25 Augustus 2023)